

# WATTER IS DIE OUDSTE DORP IN TRANSVAAL?

*Roelf Marx*

*Kurator, Klerksdorpse Museum*

In *Contree* 18, Julie 1985, probeer prof. G.N. van den Bergh van die Potchefstroomse Universiteit aantoon dat Klerksdorp nie die reg het om sy ontstaansdatum tot 1837 terug te voer nie. Hy tref ook 'n vergelyking tussen Klerksdorp en ander Voortrekkerdorpe. In hoofsaak kom sy beswaar daarop neer dat die jaartal 1837 onwaarskynlik is en dat Klerksdorp eers in 1888 amptelik tot dorp geproklameer is. In hierdie artikel word aandag aan enkele van prof. Van den Bergh se standpunte gegee en word sekere aspekte in perspektief geplaas.

## ONTSTAANSDATUM 1837

Die stelling dat herinneringe wat Klerksdorp se vestigingsdatum as 1837 aangee feilbaar is,<sup>1</sup> is natuurlik waar. Tog moet bykomende faktore en feite in aanmerking geneem word wat wel besondere geloofwaardigheid aan hierdie getuienis verleen. Daar is twee voorbeeld van sulke opgetekende herinneringe:

In 1892 het 'n oorspronklike nedersetter van die plaas Elandsheuwel aan die Schoonspruit in 'n onderhoud met 'n joernalis die besettingsdatum van Klerksdorp (Elandsheuwel) as 1837 aangegee.<sup>2</sup> Vyf en vyftig jaar is weliswaar 'n lang tyd om te onthou, maar dan moet in gedagte gehou word dat daar belangrike gebeurtenisse was waaraan dié datum in die geheue gekoppel kon word, byvoorbeeld 'n jaar na die Slag by Vegkop (1836) of 'n jaar voor die Slag by Bloedrivier (1838). 'n Verdere bewys van sy goeie geheue en betroubaarheid is dat die name van die oorspronklike setlaars wat hy verskaf, presies met dié van die 1841-inspeksieverslag van Elandsheuwel ooreenstem.<sup>3</sup> Die feit dat Guest elders van "1837 or 1838" praat, duif slegs op sy onbevoordeeldheid en dat hy nie die 1892-verklaring uit sy duim gesuig het nie. Hy skryf self dat dit nie regtig 'n saak van groot belang is wie van Klerksdorp en Potchefstroom die oudste is nie.<sup>4</sup>

Tweedens is daar die 1939-verklaring deur mnr. Frikkie Ernst dat sy vrou se oupa, Hendrik Jacobus van der Merwe, verhaal het hoe hy die plaas Buisfontein in besit geneem het twee weke na die vestiging van die ander Voortrekkers by Elandsheuwel.<sup>5</sup> Die Ernst-seun was dertien jaar oud toe Van der Merwe oorlede is en volgens familielede het hy in die oubaas se huis opgegroei. Dit is dus baie waarskynlik dat hy die betrokke geskiedenis meer as een keer van Van der Merwe sou gehoor het en as opgeskote seun die interessante feit sou onthou dat Buisfontein slegs twee weke na Elandsheuwel beset is. 'n Kind sou waarskynlik nie die jaartal onthou nie en dit is dan ook veileggend dat Ernst dit nie noem nie. Volgens 'n dokument wat staatsprokureur James Buchanan in 1874 opgestel het<sup>6</sup> aan die hand van een en dertig ou dokumente deur Van der Merwe bewaar, het laasgenoemde Buisfontein in 1837 in besit geneem. Die bewering dat dit nie rym met Jacob de Clercq (Klerk) se verklaring dat hierdie plaas in Maart/April 1839 opgemeet is nie<sup>7</sup>, is eintlik maklik te verklaar. Die besitname en inspeksie van Buisfontein word naamlik met mekaar verwarr, want al het Van der Merwe die plaas reeds in 1837 beset, was daar nog nie in hierdie gebied 'n gesag by wie eiendomsreg geregistreer kon word nie. Jacob de Clercq is eers volgens item 3 van die Natalse Volksraadnotule van 7 September 1839 as landdros vir die gebied wes van die Drakensberge aangestel. Uit Buchanan se reeds gemelde verklaring blyk dit egter dat De Clercq al vroeër deur die "opperhoofd der Emmigranten" (Andries Pretorius) in Natal voorlopig in hierdie amp aangestel is. Maart/April 1839 blyk dus die vroegste logiese datum te wees waarop Van der Merwe besit-

reg van Buisfontein by 'n owerheidsgesag kon laat aanteken, hoewel hy die plaas toe reeds vanaf 1837 besit het.

Daar bestaan ook indirekte getuienis oor die vroeë besetting van Elandsheuwel. In 'n brief (d.d. 3 September 1887) aan staatspresident S.J.P. Kruger en die Uitvoerende Raad tydens die twis oor die besitreg van die Klerksdorpse dorpsgrond, meld die kinders en erfgename van die weduwe Sophia Brits dat hulle sedert 1838 te Klerksdorp woonagtig was "... daar wij lijdars en strijders van het land was . . . in niet meer als een plaats in de gronde aan Klerksdorp . . .".<sup>8</sup> Uit die 1841-inspeksieverslag blyk dit dat die Brits-gesin nie deel van die oorspronklike groep Voortrekkers was nie. Aangesien die grond waarop hulle aanspraak gemaak het ten ooste en ten weste van die oorspronklike nedersetting langs die Schoonspruit geleë was, duif dit daarop dat hierdie grond in 1838 reeds beset was, anders sou hulle hul tog langs die spruit gevestig het waar water meer vryelik beskikbaar was.



Jacob de Clercq (Klerk) (1791-1881) na wie Klerksdorp vernoem is.\*

<sup>1</sup> G.N. VAN DEN BERGH, Is Klerksdorp die oudste dorp in Transvaal?, *Contree* 18, Julie 1985, p. 5.

<sup>2</sup> H. GUEST, *Voortrekkerdorp: a history of the town of Klerksdorp* (Klerksdorp, 1945), p. 28.

<sup>3</sup> Transvalse Argiefbewaarplek, Pretoria (TAB), S.S. 1289, p. 113; R.582/87.

<sup>4</sup> GUEST, *op. cit.*, p. 28.

<sup>5</sup> *New Klerksdorp Record*, 12.5.1939.

<sup>6</sup> TAB, A.336 Mev. G.C. Ernst-versameling.

<sup>7</sup> VAN DEN BERGH, *op. cit.*, p. 5.

<sup>8</sup> TAB, S.S. 1289 : R5131/86.

\* Alle foto's met vergunning van die TPA, Inligting & Reklame, Pretoria.

## MOONTLIKHEID VAN VROEË VESTIGING TE ELANDSHEUWEL

Die redenasie dat die teenwoordigheid van die Bataungopperhoof Makwana in die gebied tussen die Vet- en Vaalrivier die toegang tot Schoonspruit voor Junie 1838 versper het,<sup>9</sup> hou nie steek nie. Makwana was geensins in staat om die Voortrekkers se roete deur die Vrystaat af te sluit nie. Hy was slegs die hoof van 'n "uitgehongerde, beangste Bataong-stammetjie" wat in die omgewing van die latere Winburg geskuil en met Potgieter om beskerming mōes onderhandel.<sup>10</sup>

Wat die Matebelegevaar betref, is Mzilikazi (Silkaats) reeds aan die begin van 1837 tydens Hendrik Potgieter se eerste strafekspedisie 'n gevoelige knou toegedien. Boonop het Potgieter dadelik na sy terugkeer planne vir 'n tweede strafekspedisie begin beraam<sup>11</sup> sodat die mense dit as veilig genoeg kon beskou om hulle te Elandsheuwel te vestig, veral in die wete dat verdere optrede teen die Matebele spoedig sou volg.

'n Ander moontlikheid is dat die Schoonspruitvoortrekkers deel was van die Potgieter-Maritzlaer by Suikerbosrand tydens die tweede strafekspedisie teen Mzilikazi. Aangesien die gebied goed aan Potgieter se mense bekend was, kon hulle in die lig van die betreklike kort afstand en begaanbaarheid van die terrein, baie maklik na afloop van die strafekspedisie en voor die einde van 1837 tot op Elandsheuwel getrek het. As Hendrik Potgieter byvoorbeeld ná 3 Desember 1838 in sowat drie weke van die Sandrivier af tot by Mooirivier (die latere Potchefstroom) kon trek,<sup>12</sup> kon daar gewis van laat November 1837 af tot voor die einde van die jaar van Suikerbosrand af tot by Schoonspruit getrek word.

'n Verdere redenasie deur prof. Van den Bergh dat Potgieter sy walaer by Elandsheuwel sou gelaat het en nie slegs in die nabijheid daarvan nie indien hier reeds 'n nedersetting bestaan het,<sup>13</sup> is ook nie houbaar nie. Eerstens is dit nie seker dat die walaer wel in die nabijheid van Elandsheuwel gestaan het nie: die verwysing kom uit 'n sekondêre bron. 'n Ander sekondêre bron gee weer die standplaas van die walaer as die Maricovallei aan.<sup>14</sup> Tweedens is daar natuurlik die moontlikheid, soos hierbo aangedui, dat die Elandsheuwelnedersetting wel toe nog nie bestaan het nie, maar dat die Voortrekkers hulle eers na afloop van die strafekspedisie hier kom vestig het. Ongelukkig kan egter nie met sekerheid bepaal word waar hierdie mense hulle direk voor die trek na Schoonspruit bevind het nie.

## ONTWIKKELING TOT DORPSTATUS

Dat die Voortrekkers aanvanklik slegs 'n landbounedersetting op Elandsheuwel gestig het en nie doelbewus 'n dorp nie, is eintlik vanselfsprekend. Hierdie nedersetting het egter reeds baie lank voor die formele proklamering tot dorpstatus — op 12 September 1888 — tot 'n dorp gegroeï en is selfs amptelik as sodanig erken. Die enigste logiese datum waarvolgens die ouderdom van die dorp bepaal en waartoe sy ontstaan teruggevoer kan word, is toe 'n gekonsentreerde permanente bevolking daar op ewe (nie op plase nie) gevvestig is.

Die oorspronklike twaalf stukkies grond wat oor 'n afstand van 1 040 m langs die spruit gestrek het,<sup>15</sup> was sedert die vroeë jare bekend as ewe, soos ook in prof. Van den Bergh se artikel aangedui word. Belangrik is verder dat die ewe nie soos plase name gehad het nie, maar genommer was. Van presies wanneer af dit die geval was, is nie bekend nie. Luidens die beëdigde verklaring van C.J. Coetzee betreffende



Afdruk van 'n skildery van Ou Dorp (Klerksdorp) gedurende die laat ses-tigerjare van die vorige eeu.

de die aankoop van erf nr. 14, was hulle in 1851 reeds genommer.<sup>16</sup>

Weens die ligging van Ou Dorp tussen die rant en die Schoonspruit en die feit dat die laagliggende gedeelte langs die spruit telkens oorstrom word, kon daar nie 'n dorp met 'n roosterpatroon van strate ontwikkel nie, maar slegs 'n tipiese rydorp met wonings, winkels, 'n kerk, skool en herberge langs die enkele straat aan die voet van die rant. Selfs vandag nog word die res van daardie ewe slegs vir landboudoeleindes gebruik.

Soos prof. Van den Bergh tereg aantoon, het ds. A. Murray (die jonge) reeds in 1850 na die "dorp aan die Schoonspruit" verwys.<sup>17</sup> In dieselfde jaar is ook in 'n amptelike inspeksieverslag van die term "dorp" gebruik gemaak: "Op den 19de Deetseember 1850 is door den inwoonders van Klerksdorp verzogt een lap drooge gront aan de ooste Kant van gezegd Dorp . . ."<sup>18</sup>

In sy betoog noem prof. Van den Bergh voorts dat 'n kaart van die Oranjerivier — Soewereiniteit en een van J. Stuart (albei in 1854) Potchefstroom en ander klein nedersettings aandui, maar nie die Schoonspruit of die Elandsheuwelnedersetting nie.<sup>19</sup> Eintlik bewys dit niets ten opsigte van Klerksdorp of die bestaan van die nedersetting nie; wat net so min as wat die weglatting van Elandsheuwel of die Schoonspruit beteken dat dit nie bestaan het nie, dui die weglatting van hierdie nedersetting op so iets. In 1857 het J.H. Visage (staatsprokureur) in 'n brief aan C. Moll (die staatsekretaris) byvoorbeeld na "het dorp Klerksdorp" verwys.<sup>20</sup> Twee jaar later het president M.W. Pretorius regulasies vir Klerksdorp en Schoonspruit uitgevaardig,<sup>21</sup> terwyl landdros J.C. Bodenstein (van Potchefstroom) Klerksdorp in 1864 in 'n skrywe aan die Staatspresident as 'n dorp bestempel het.<sup>22</sup>

Verdere amptelike verwysing na die "dorp" Klerksdorp was in 1871 toe kragtens 'n besluit van die Uitvoerende Raad 'n inspeksie gehou en 'n sketskaart opgestel is;<sup>23</sup> volgens artikel 196 van die notule gedateer 18 Januarie 1872 het die Uitvoerende Raad die "dorp regulatien van Klerksdorp"

<sup>9</sup> VAN DEN BERGH, *op. cit.*, p. 5.

<sup>10</sup> C. POTGIETER EN N.H. THEUNISSEN, *Kommandant-generaal Hendrik Potgieter* (Johannesburg, 1938), p. 37.

<sup>11</sup> J. MEINTJES, *The Voortrekkers* (Londen, 1973), p. 68.

<sup>12</sup> D.J.P. HAASBROEK, *Die geskiedenis van Potchefstroom, 1838-1881* (M.A., PUvCHO, 1956), p. 5.

<sup>13</sup> VAN DEN BERGH, *op. cit.*, p. 6.

<sup>14</sup> E.A. WALKER, *The Great Trek* (Londen, 1970), p. 157.

<sup>15</sup> Inligting verstrek deur die Hoofstsbeplanner, Stadsraad van Klerksdorp.

<sup>16</sup> TAB, S.S. 1051 : R.1679/85.

<sup>17</sup> VAN DEN BERGH, *op. cit.*, p. 8.

<sup>18</sup> TAB, S.S. 1289 : R.5131/86.

<sup>19</sup> VAN DEN BERGH, *op. cit.*, p. 8.

<sup>20</sup> TAB, S.S. 17 : R.1735/57.

<sup>21</sup> TAB, ZAR 25/1, pp. 128-129.

<sup>22</sup> TAB, S.S. 51 : R.886/63.

<sup>23</sup> TAB, S.S. 133, p. 205 (sketskaart) : R.509/71.

goedgekeur. In 1884 was daar ook reeds 'n gesondheidskomitee.<sup>24</sup>

*De facto* was Klerksdorp dus lankal 'n dorp en is dit amptelik ook as sodanig erken; die formaliteit is egter eers in 1888 afgehandel.

## OU DORP EN NUWE DORP

Na die ontdekking van goud in 1885 het daar 'n toestroming van fortuinsoekers gevvolg sodat Ou Dorp (die oorspronklike aanleg) weens sy ligging spoedig nie meer almal kon huisves nie. Gevolglik is Nuwe Dorp oos van die spruit aangelê waar 'n gesikte terrein vir dorpsuitbreiding beskikbaar was.

Die stelling dat Ou Dorp by Nuwe Dorp ingelyf is en die "dorpsgronde van Klerksdorp" geword het,<sup>25</sup> is beslis foutief. Volgens artikel 1092 van die Volksraadbesluit van 14 Julie 1887 is die oorspronklike erwe "erkend en bekrachtig als erven van het dorp Klerksdorp."<sup>26</sup> Die dorpsgrond het die orige gedeelte van die plaas Elandsheuwel ingesluit en die grond wat voorheen aan die weduwe S. Brits behoort het,<sup>27</sup> was dus onbeboude grond wat as gesamentlike wei-veld gebruik is.

Daar bestaan verder hoegenaamd geen grond vir die bewering dat Ou Dorp en Nuwe Dorp afsonderlik geadministreer is nie. Inteendeel, die regulasies vir Klerksdorp — vasgestel en goedgekeur deur Volksraadbesluit artikel 176 van 17 Mei 1889 — sluit Ou Dorp baie spesifiek in by Klerksdorp.<sup>28</sup> Regulasie nr. 1 lui onder meer: "Deze regulaties zullen betrekking hebben op en geldig zijn voor de plaats Klerksdorp, insluitende dat gedeelte bekend als Oude Dorp en Elandsheuwel." Volgens regulasie nr. 2 is Ou Dorp trouens as een van die vyf wyke van Klerksdorp gereken. Nuwe Dorp is ook reeds in 1887 in erwe opgemeet en verkoop,<sup>29</sup> dit wil sê voor die proklamering van Klerksdorp tot dorp. In die proklamasie tot dorpstatus word daar voorts geen onderskeid tussen Ou Dorp en Nuwe Dorp gemaak nie, maar die totale dorpsgebied word gesamentlik bepaal en omskryf.<sup>30</sup>

Die spesiale landdros het Ou Dorp en Nuwe Dorp tereg as een dorp beskou en die staatsekretaris byvoorbeeld in 1888 versoek om 'n brug oor die spruit te laat aanbring, gesien die swaar verkeer en die feit dat beide driwwie in 'n swak toestand is.<sup>31</sup> Ook die proklamasie wat prof. Van den Bergh self aanhaal, stel dit duidelik dat Ou Dorp en Nuwe Dorp ("het standdorp") uitgesluit is van die publieke delwery waaroor die mynkommissaris jurisdiksie uitgeoefen het.<sup>32</sup>

Nuwe Dorp was dus slegs 'n natuurlike uitbreiding (ná die skielike bevolkingsvermeerdering) na 'n gesikte terrein vir die dorp en dit is deur die Schoonspruit in twee dele verdeel.

## VERGELYKING MET ANDER DORPE

In sy artikel vergelyk prof. Van den Bergh Klerksdorp met Voortrekkerdorp wat doelbewus gestig is. Tog is daar in die geskiedenis voorbeeld van dorpe wat nie só gestig of beplan is nie, maar net soos Klerksdorp aanvanklik slegs landbounedersettings was:

- \* Hoewel Simon van der Stel die naam Stellenbosch in 1679 geskep het, is dit oorspronklik slegs aan 'n eilandjie in die Eersterivier toegeken. Voor die einde van dié jaar (1679) het een "kolonis" in die gebied gaan woon, die volgende jaar agt gesinne, ensovoorts. Stellenbosch was dus "in die eerste instansie 'n landboukolonie sonder enige dorpskern."<sup>33</sup> Daar is eers in 1685 besluit om 'n dorp aan te lê. Tog het Stellenbosch reeds in 1979 sy driehonderdjare bestaan gevier en nie tot 1985 daarvoor gewag nie.
- \* 'n Verdere voorbeeld is dié van Winburg. Waar 'n Voortrekkerlaer sedert Maart 1837 gestaan het, is later 'n paar huise gebou. Hoewel daar eers in 1841 amptelik 'n dorp gestig is, "het die dorp tereg gedurende 1937 die eeufees van sy bestaan gevier."<sup>34</sup>
- \* Sommige ou Kaapse dorpe het in hulle vroeë bestaansjare ook slegs uit 'n paar huise langs 'n enkele straat bestaan, en was eintlik, net soos Klerksdorp en Potchefstroom, aanvanklik slegs landbounedersettings: "The dorps, or nucleated agricultural communities, which grew up in the interior of the Cape during Dutch rule, owed their existence to the nagmaal or quarterly communion service. These dorps characteristically developed as a single row of houses located at the front of irrigated agricultural erven, and along a street which led up to the church. Stellenbosch, Swellendam, Paarl and Tulbagh were all rydorps, or single street dorps during their formative years."<sup>35</sup>

## VERGELYKING MET POTCHEFSTROOM

Die bewering word gemaak dat daar 'n oorvloed getuenis bestaan dat Potchefstroom "die eerste Voortrekkerdorp was."<sup>36</sup> Nietemin beroep die skrywer hom vir hierdie stelling nie op argivale bronne nie — soos van Klerksdorp verwag word — maar wel op sekondêre bronne. 'n Besoek aan enige redelik goeie biblioteek sal ook 'n "oorvloed" sekondêre bronne oplewer wat Klerksdorp se stigtings- of ontstaansdatum as 1837 aangee.<sup>37</sup>

<sup>24</sup> TAB, S.S. 986 : R.4551/84.

<sup>25</sup> VAN DEN BERGH, *op. cit.*, p. 9.

<sup>26</sup> TAB, S.S. 1289 : R.5131/86.

<sup>27</sup> *Ibid.* (ingesluit VRR 313/87).

<sup>28</sup> Byvoegsel tot *Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, 22.5.1889.

<sup>29</sup> GUEST, *op. cit.*, p. 62.

<sup>30</sup> Vergelyk art. 4 van die ooreenkoms tussen die regering van die ZAR en die prokurasiehouers van Klerksdorp soos vervat in art. 1092 van die Volksraadbesluit van 14.7.1887. *Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, 17.8.1887.

<sup>31</sup> TAB, S.S. 1717 : R.8331/88.

<sup>32</sup> *Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, 6.6.1888, p. 348.

<sup>33</sup> F. SMUTS (red.), *Stellenbosch drie eeue* (Stellenbosch, 1979), p. 52.

<sup>34</sup> POTGIETER en THEUNISSEN, *op. cit.*, p. 75.

<sup>35</sup> R.F. HASWELL, Oudeklerksdorp and Weenen: historic dorpsgesigte worthy of conservation, *Latern* 32(2), April 1983, p. 31.

<sup>36</sup> VAN DEN BERGH, *op. cit.*, p. 8.

<sup>37</sup> Vergelyk byvoorbeeld *Encyclopaedia Britannica* 13 (Chicago, ens., 1969), p. 399; *Ensiklopedie van die wêreld* 6 (Stellenbosch, 1974), p. 81; H.M. GUEST, *Portfolio of Klerksdorp views* (Klerksdorp, 1910), p. 3; E. ROSENTHAL, *Encyclopaedia of Southern Africa* (Londen en New York, 1961), p. 273; D.J. POTGIETER (hoofred.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa* 6 (Kaapstad, 1972), p. 412.



Noordwaartse uitsig oor Ou Dorp se Hendrik Potgieterpad in die vroeë 20ste eeu.

Potchefstroom beplan om sy 150-jarige bestaan in 1988 te vier.<sup>38</sup> Die aankoms van Hendrik Potgieter se trek op Oude Dorp (Potchefstroom) aan die Mooirivier voor die einde van 1838 kan egter nie dokumentêr bewys word nie. Op 3 Desember 1838 was sy laer nog aan die Sandrivier. Daar word geredeneer dat dit wel vir hom moontlik was om van hierdie dag af tot voor einde Desember 1838 tot aan die Mooirivier te trek.<sup>39</sup> Tog kan dit nie bevestig word nie. Die enigste getuienis betreffende Potgieter se aankoms by Mooirivier is dié van B.H. Swart wat beweer dat dit op 22 Desember 1838 was.<sup>40</sup> Soos in die geval van Klerksdorp, benus Potchefstroom se aanspraak dus op herinneringe, met die verskil dat Klerksdorp op dié van twee persone kan steun en Potchefstroom slegs op een persoon s'n. Nog belangriker is dat as bron vir Swart se getuienis die *Natal Advertiser* van 21 Julie 1921 verstrek word, dit wil sê vyf jaar na Swart se dood. Voorts was Swart in 1838 maar vier jaar oud en nog in die distrik Graaff-Reinet woonagtig; hy het eers in 1852 op Klerksdorp aangekom.<sup>41</sup> Die inligting omtrent Potgieter-hulle se aankoms in 1838 moes dus ook deur iemand anders aan hom oorvertel gewees het.

Voorts beroep Potchefstroom hom op artikel 6 van die Natale Volksraadnotule van 8 Oktober 1841 waarin sprake is van die aantekening en uitgee van plase in 1838 en 1839; daar word dan sommer aanvaar dat dit op Potchefstroom betrekking het.<sup>42</sup> Hierdie aantekening van plase is egter waarskynlik eerder van toepassing op die Heidelbergse gebied waar sommige van Potgieter se mense reeds voor sy trek na Transvaal gaan woon het.<sup>43</sup> In werklikheid dateer die oudste aantekeningbrieve van plase in Potchefstroom uit September 1839.<sup>44</sup>

nie veel meer aan die vereistes en funksies van 'n dorp as die Elandsheuwelnedersetting voldoen nie: "Die funksie van die dorp was aanvanklik net 'n konsentrasie van mense wat op hulle ewe gewoon het. Daar was geen sprake van 'n gemeenskap wat kon spog met handelaars, onderwysers, predikante ens. nie. Hierdie persone sou hulle verskyning eers baie later maak."<sup>47</sup> Daar was slegs een straat<sup>48</sup> en 'n munisipaliteit is eers teen 1869 ingestel.<sup>49</sup>

## OUDSTE DORP IN TRANSVAAL

Die feit dat Klerksdorp die oudste dorp in Transvaal is, is reeds in 1884 in 'n memorie aan die Volksraad van die ZAR geboekstaaf: "Hoop en vertrou den memorialisten dat de Hoog Edel Achtbr. Volksraad een bestaan en regvaardige regulatie voor Schoonspruit en Klerksdorp zal maak. Daar Klerksdorp het oudste dorp in de Z.A. Republiek is."<sup>50</sup> Veelseggend is dat een van die opstellers en hoofondertekeenaars van hierdie dokument B.H. Swart was, dieselfde én enigste persoon wat, soos reeds aangetoon, 'n datum vir die aankoms van die Potgieter-trek by Mooirivier verskaf het. Verder moet in gedagte gehou word dat daar in die jare tagtig in regeringskringe nog mense geleef het wat op die hoogte met die vestigings by Mooirivier en Schoonspruit was. As besonder hoogaangeskrewene in hierdie regeringskringe (hy is byvoorbeeld op persoonlike aandrag van die Staatspresident tot veldkornet verkies<sup>51</sup>) en as prokurasiehouer en onderhandelaar oor baie jare namens die inwoners van Klerksdorp met die regering<sup>52</sup>, sou Swart hom beslis nie deur 'n valse stelling laat diskrediteer nie. C



Een van die eerste winkels in Klerksdorp, dié van die algemene handelaars Taylor & Leask.

Dat Potgieter van plan was om 'n dorp in Transvaal aan te lê, is gewis, maar of een werklik by Oude Dorp tot stand gekom het, is sterk te betwyfel. In 1840 was daar nog nie sprake van 'n dorp nie want daar was slegs een of twee huise en die res van die mense het in waens gewoon.<sup>45</sup> Selfs een van die bronne deur prof. Van den Bergh aangehaal, beskryf Oude Dorp slegs as "die middelpunt van die Potgieter-trek".<sup>46</sup> Toe daar dus in 1841 na die terrein van die huidige Potchefstroom verhuis is, was dit eerder 'n geval van 'n laer wat weggetrek het as van 'n dorp wat verskuif of verplaas is. Dit sal dus veel meer korrek wees as Potchefstroom sy feesviering vir 1991 sou beplan. As die trekgeselskap by Oude Dorp gebly het en daar mettertyd wel 'n dorp tot stand gekom het, was dit natuurlik 'n ander saak.

Ook die nuwe aanleg het aanvanklik, buiten in die oopsig dat daar 'n doelbewuste voorneme was om 'n dorp te stig,

<sup>38</sup> *Die Vaderland*, 6.3.1984.

<sup>39</sup> HAASBROEK, *op. cit.*, p. 6.

<sup>40</sup> *Ibid.*, pp. 5-6.

<sup>41</sup> *Record of Klerksdorp and the Western Transvaal*, 7.9.1916.

<sup>42</sup> HAASBROEK, *op. cit.*, p. 6.

<sup>43</sup> POTGIETER en THEUNISSEN, *op. cit.*, p. 114.

<sup>44</sup> HAASBROEK, *op. cit.*, p. 17.

<sup>45</sup> *Ibid.*, p. 6.

<sup>46</sup> POTGIETER en THEUNISSEN, *op. cit.*, p. 115.

<sup>47</sup> HAASBROEK, *op. cit.*, p. 8.

<sup>48</sup> *Ibid.*, p. 24.

<sup>49</sup> *Ibid.*, p. 52.

<sup>50</sup> TAB, S.S. 1121, p. 150 : R.1679/85.

<sup>51</sup> TAB, S.S. 168 : R.212/74.

<sup>52</sup> Vergelyk byvoorbeeld TAB, S.S. 58 : R.580/64; S.S. 115 R.1326/69; S.S. 120 : R.248/70; S.S. 127 : R.1200/70; S.S. 1287 R.5051/86; S.S. 1289 : R.5131/86; S.S. 1393 : R.3005/87; S.S. 1427 R.4494/87; S.S. 2534 : R.13205/90.

## BOEKBESPREKINGS / BOOK REVIEWS

D. ASHTON (hoofredakteur). *Gedenkboek: amptelike opening — Johannesburgse Hospitaal/Commemorative book: official opening — Johannesburg Hospital*. Johannesburgse Hospitaalraad: Johannesburg, 1983. 112 pp. Geillustreerd. Prys nie vermeld. ISBN 0 620 06938 4.

Hierdie tweetalige en keurig geïllustreerde gedenkboek is saamgestel deur 'n publikasiekomitee onder beskerming van die Johannesburgse Hospitaalraad by geleenheid van die amptelike opening van die nuwe hospitaal deur die destydse staatspresident, mnr. Marais Viljoen, op 7 September 1983.

Die begin van gesondheidsdienste in Johannesburg kan teruggevoer word tot die pioniersjare van die Goudstad toe die onhygiëniese toestande in